


Stella
straat

Eseg 34:11-16, 23-24

***“Ons Koning is ‘n Herder en
ons Herder is ‘n Koning”***



TEKS: ESEG 34:11-16, 23-24

TEMA: “ONS KONING IS ‘N HERDER EN ONS HERDER IS ‘N KONING”

Liewe vriende,

Hierdie Adoramus is deur Tienie voorberei en is op Sondag 22 November aangebied. Onthou asseblief dat jy welkom is om die Adoramus in die Kapel by te woon. Registreer asseblief net voor Vrydag 15:00 deur die volgende skakel te gebruik:

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfoVGr8nII3nIWaleb4VT7QA5rkfLd_EEnonVb2yd1Z7mxeXg/viewform

Sondag 29 November om 19:00 is ons buitelig Kerssangdiens. Elkeen is welkom om jou eie piekniekmandjie saam te bring vir 'n gesellige kuier na die tyd. Bring asseblief ook jou eie sit-ding en warm-hou dingetjie saam.

TEMA VAN DIE AAND - “Ons Koning is ‘n herder en ons Herder is ‘n koning”

Volgende week is 1ste Advent (4 weke voor Kersfees) wat beteken dat hierdie week ons laaste week van die Koninkryktyd is.. Die Koninkryktyd is die tyd waarin ons nadink oor wat dit beteken dat God as Koning in hierdie wêreld betrokke is. In kort het ons nagedink oor wat beteken dit om te bid **“Laat u ryk kom – soos in die hemel so ook op aarde” (Mat 6:10)**

Gebed trek ons in en betrek ons by God se koninkryk – by dit wat vir God belangrik is maar die groot **vraag van Jakobus** bly by ons *“Wat help dit as iemand beweert dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red?” (Jak 2:14)*. Hierdie vraag laat by ons 'n groot stuk skuldgevoelens oor ons onbetrokkenheid en bly ons worstel met die vraag *“Hoe kan ons by die nood van wêreld betrokke wees sonder om daardeur ingesluk te word?”*

Miskien sal dit ons help om weer na te dink oor **ons Koning wat 'n herder is en ons Herder wat 'n koning is.**

AANSTEEK VAN DIE KERS

Luister gerus na die baie bekende lied **“Abide with me”** – gesing deur Audrey Assad. Gebruik hierdie skakel in Youtube om daarna te kyk (die skakel neem 'n rukkie): https://www.youtube.com/watch?v=84YASWe3_2Q

Steek 'n kers aan terwyl jy die volgende lees:

“Erken dat die Here God is:Hy het ons gemaak en ons is Syne, ons is sy volk, sy eie kudde. Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam, want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag!” **(Ps 100:3-5)**

Jy kan gerus die woorde van **Lied 526 (3x A/L/A) “Waar daar liefde is”** saggies sing. Hier is die woorde:

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas et amor
Ubi caritas Deus ibi est.

OORDINK DIE WOORD

Met die lees van Esegïel 34 spring Psalm 23 in ons gedagtes op. Ons dink daaraan dat ons Koning is 'n herder en ons Herder is 'n koning. Vir Israel wat in ballingskap was en wat versprei oor die aarde was, was hulle opsoek na troos. Hulle het soveel onreg beleef en daar hulle het beleef dat niemand eintlik vir hulle omgee nie omdat hulle as vreemdelinge beskou is. Daar was die woorde van Esegïel 34 vir hulle so 'n groot troos en het hulle aan hierdie troos vashou ongeag hoe hulle hul eie omstandighede beleef het. Hulle het beleef dat God bly hulle koning en hulle herder. Ten spyte van hulle omstandighede het hulle God se sorg en versorging beleef.

Lees Eseg 34:11-16 en 23-24

¹¹So sê die Here my God: “Ek sal self my kleinvee soek en na hulle omsien. ¹²Soos 'n herder omsien na die kleinvee wat uit sy trop verstrooi raak, so sal Ek omsien na my kleinvee en hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is op daardie donker oordeelsdag. ¹³Ek sal hulle tussen die ander volke uitbring, hulle bymekaarmaak uit die ander lande en hulle bring na hulle land toe. Ek sal hulle versorg op die berge van Israel, in die klowe, in al die woonplekke in die land. ¹⁴Ek sal vir hulle sorg vir goeie weiding. Hulle sal wei op die hoë berge van Israel en rustig daar in die goeie weiveld lê en herkou. Hulle sal op geil veld wei daar in die berge van Israel. ¹⁵Ek sal self my kleinvee se herder wees en hulle rustig laat lê en herkou,” sê die Here my God. ¹⁶“Ek sal dié soek wat weggeraak het, dié terugbring wat weggedwaal het, die wonde versorg van dié wat seergekry het, die swakkes help. Maar Ek sal dié wat vet en sterk geword het, uitroei. Ek sal 'n herder wees wat reg laat geskied.

²³Ek gaan vir hulle net een herder aanstel, en hy sal vir hulle sorg: my dienaar Dawid. Hy sal vir hulle sorg, hy sal vir hulle 'n herder wees. ²⁴Ek, die Here, sal hulle God wees, en my dienaar Dawid sal oor hulle regeer. Ek, die Here, het dit gesê.

Gebruik genoeg stilte terwyl jy oor die volgende vra nadink:

1. God se sorg en versorging word vergelyk met dié van 'n herder. Watter optrede van die herder spreek jou aan?

2. Esegïel 34 roep Psalm 23 by ons op. Watter ooreenkomste het jou opgeval?
3. God se sorg en versorging kom deur die koning wat soos 'n herder behoort op te tree. Hoe betrek die Here jou by sy sorg en versorging?

VISIO DIVINA

Wanneer Jesus oor die laaste oordeel praat, dan gebruik Hy 2 keer hierdie stelling: **“Soos aan die geringstes gedoen het, so het julle aan My gedoen”** (Mat 25:31-46).

- Hoe trek God se sorg en versorging ons in om sy koninkryk sigbaar te maak?

Luister gerus na hierdie aangrypende lied **“Gekruisigde hande”** wat deur Louis Brittz gesing word. Die woorde verskyn ook. Hier is die skakel https://www.youtube.com/watch?v=39J0h8_H44w

WOORDKUNS – “Psalm 23” (OAV) opgedra aan Dawid

Die volk in ballingskap word daaraan herinner dat God se sorg en versorging deur koning Dawid sigbaar gemaak is. Hierdie ou Psalm herinner ons aan die goeie herder.

Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie.
Hy laat my neerlê in groen weivelde;
na waters waar rus is, lei Hy my heen.
Hy verkwik my siel;
Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.
Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie;
want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.
U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders;
U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.
Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe;
en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae

GEBED – geskryf aan die hand van die Leesroster se teks Ef 1:15-23

Dankie ons hemelse Vader dat ons vanaand vir mekaar kan bid en aanhou bid. Dankie dat U Koning bly ongeag of ons dit erken of beleef. Ons bid dat U tog ons geestesoë sal oopmaak sodat ons iets van U grootheid kan raaksien en beleef iets van U sorg en versorging.

Here dit bly vir ons 'n misterie dat U ons as mens wil gebruik om u koninkryk sigbaar te maak. U kon dit sekerlik op 'n baie meer effektiewe manier gedoen het as U ons uitgeskakel het maar nou skakel U ons in.

Ons bid dat U ons sal bewus maak van U deel-wees van ons lewe in onself voel ons so klein en onbekwaam. Maak ons bewus van die hoop wat in ons lewe die hoop wat U lewend hou deur die krag wat U uitoefen in ons. Dit is dieselfde kragtige werking van U mag wat U uitgeoefen het toe U Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan u regterhand laat sit het: hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom.

Dankie dat ons maag deel in die troos dat U aan Christus alles onderwerp het en dat U Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. Help ons om as die kerk Christus se liggaam op aarde te wees deurdat ons sy hande en sy voete sal wees om sy sorg en versorging sigbaar te maak.

Dankie Jesus dat U in U volheid in elkeen van ons woon en ons elke dag bewus maak van U teenwoordigheid. AMEN.

SLOTIED

Psalm 23 is pragtig berym in **Lied 577:1-5 "Die Here my herder, sorg vir my"**. Dit is die bekende melodie van "Ek sien 'n nuwe hemel kom". Hier is die woorde:

1. Die Heer, my herder, sorg vir my,
Hy laat my rustig wei;
langs waters waar daar vrede is,
sal Hy my veilig lei.

2. Die Heer gee my weer nuwe krag
en Hy sal met my gaan;
Hy lei my op die regte pad
ter ere van sy Naam.

3. Al lê daar donker dieptes voor,
tog hoef ek nie te vrees,
want U's by my, en in u hand
sal ek steeds veilig wees.

4. U maak vir my 'n fees gereed
terwyl my vyand kyk.
U maak van my 'n eregas;
U maak my lewe ryk.

5. Net goedheid, liefde, lewenslank,

gee U, o Heer, vir my;
by U's ek tuis, en in u huis
sal ek vir ewig bly.

SEËN

Ons bid nou dat die Here jou sal seën en jou beskerm;
Dat die Here jou in sy arms sal toevou en bewus maak van sy liefde;
Dat die Here jou gebede sal verhoor en aan elkeen sy vrede sal gee.

MUSIEK

Lucas Maree se ***“Die weduwee se kruik”*** is ‘n goeie afsluiting om ons op te roep God se liefde in die wêreld te gaan sigbaar maak. Luister gerus daarna met hierdie skakel <https://www.youtube.com/watch?v=nkt5zyydeg>